NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

30 Maart 2021

VAN: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

AAN: Predikante
Kerkrade

**ADV OMGEE 1 VAN 2021**

Broers en susters

## *Diakonale barmhartigheidsoffers*

Die ADV Kommissie het die opdrag om jaarliks die vrywillige barmhartigheidsoffers vas te stel. Hierdie barmhartigheidsoffers het ten doel om die sinodale barmhartigheid, en spesifiek die diensorgane, te help befonds. Die bydraes word aangewend vir:

- Die Kinderhuise van die NHKA
- Rata Maatskaplike Dienste
- Ons Tuis (OTMT)
- Die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)

Aangesien hierdie offers heeltemal vrywillig is, is hier nie sprake van ‘n heffingsbedrag nie, maar eerder van ‘n doelwitbedrag. Die doelwit word só bereken dat, indien al die gemeentes by die doelwit uitkom, die werk genoegsaam befonds word om te verseker dat die mense wat daardeur bedien word, se hulp volgehou kan word.

**Vanjaar word die doelwitbedrag onveranderd gelaat op R40,50 per belydende lidmaat.**

Die sinodale dienssentrum lewer verslag oor die insameling van barmhartigheidsoffers by wyse van die maandelikse warmhartigheidsverslae. Daarin word nie net bydraes aan die ADV weerspieël nie, maar ook bydraes wat direk by die diensorgane gedoen word, byvoorbeeld bydraes direk aan die DPS-huis waarby die gemeente betrokke is. Hoewel baie moeite gedoen word om al hierdie bydraes te konsolideer en op datum te hou, kom daar soms foute voor. U is welkom om ons te kontak om dit reg te stel.

U kan ons kontak by:
finansies@nhk.co.za (Annerien Lewis)
gerhard@diakens.co.za (Gerhard Stoltz)

Barmhartigheidsoffers wat aan die ADV oorbetaal word, word verdeel aan die vier diensorgane soos hierbo genoem. Hierdie offers kan inbetaal word by die Raad van Finansies, met verwysing 16DIEN en die gemeente se naam:

Rekeninghouer: Raad van Finansies
Rekeningnommer 020 000 287
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Verwysing: 16DIEN + Gemeentenaam

Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering het die grootste dank en waardering vir al die gemeentes wat meewerk aan ons gedeelde barmhartigheidsopdrag. Ons het ook begrip vir gemeentes wat finansieel nie in staat is om die volle bedrag te betaal nie, en is dankbaar vir elke bydrae wat ontvang word, hoe groot of klein dit ook al mag wees.

Saam in diens



**Ds Gerhard Stoltz**
Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

012 322 8885 uitbr 3111
gerhard@diakens.co.za

***Ons dien, gehoorsaam aan God.***